
# ONS GEE OM DEUR BARMHARTIGHEID

Woord van Barmhartigheid vir die maand

***Hoe belangrik is dit vir jou om ander te help?***




Jaque is aktief betrokke by barmhartigheid en is die dryfkrag agter 'n gemeenskapsprojek wat mense in nood help. Ek kon nie anders as om te vra nie "Jaque hoe kry jy tyd om as besige sakeman so betrokke te wees by mense in nood ?" Hy het sonder aarseling geantwoord:

" Barmhartigheid is my besigheid en al die ander dinge is bysaak "

Hy vertel hoe hy vyf jaar gelede besluit het dat God se belofte onfeilbaar is: ***Stel God se koninkryk eerste. Doen net daardie dinge wat vir Hom belangrik is. Hy sal vir die res sorg...***(Mat 6:33) Vir Jaque het dit 'n nuwe leefwyse beteken; 'n lewe vol vreugde en vrugbare diens.

Een van die beste maniere waarop 'n mens sy prioriteite kan nagaan, is dit: watter dinge hoef jy nie op jou kalender of daaglikse program te skryf nie omdat dit so deel van jou lewe vorm dat jy nooit sal vergeet om dit te doen nie ? *Watter gewoontes is so deel van jou lewe ?*

Is gereelde kerkbywoning so 'n gewoonte vir jou ? Is die bestudering van God se Woord en gebed so wesenlike deel van jou lewe ? *Wat van jou betrokkenheid by mense in nood ?* ***Watter gewoontes is eerste in ons lewe ?***

*Iemand het gesê : Soek eers vir God; en die dinge wat jy wil hê sal jou dan soek !*

Geniet jou betrokkenheid by ander in nood !
*ds Leon van Heerden*

# GESINSBEDIENING




*Wees ingestel op jou maat se geluk*

Ons almal wil so bitter graag gelukkig wees, en dan soek ons dit vir onsself en ten koste van ander - en in ons huwelik ten koste van ons huweliksmaat. Intussen het die Here bedoel dat jy vir jou maat se geluk moet instaan en dít moet soek. Eers dan ontdek jy wat ware geluk is, want dit beteken nie om gelukkig te probeer word nie, maar om gelukkig te maak. Ons het mos reeds tydens ons dae van verliefdheid self gesien hoe waar dit is. Maar toe nagelaat om daarmee vol te hou.


Kom ons sê dit weer vir mekaar: Dít is ook wat liefde is – om jou maat gelukkig te maak, want ware liefde skryf nie net gedigte vir die ander een nie, maar gaan uit jou pad om jou maat gelukkig te maak.

Ek wil hier vyftig maniere neerskryf waarop 'n man sy vrou gelukkig kan maak, hoe hy haar kan liefhê – eintlik moet dit lees: *hoe hy haar gelukkig moet maak, haar moet liefhê*. Ek daag jou as man uit om eerlik met jouself te wees en jou af te vra of jy dit reeds doen, en indien nie, dit daadwerklik te begin doen – en so nog meer op die Here se pad te loop.

1. *Ag haar altyd belangrik*.
2. Gaan uit jou pad om haar gevoelens te verstaan.
3. *Vra dikwels eerlik haar opinie*.
4. Ag haar hoog en luister na wat sy sê.

5. *Kyk na haar wanneer jy met haar praat – en sy met jou – en kyk ook vir háár wanneer jy in 'n geselskap iets vir ander vertel.*
6. Laat weet haar dikwels van jou goedkeuring van haar, en jou liefde vir haar. …../2
7. *Wees nooit anders as sag en teer met haar nie.*
8. Vind uit wat maak haar onseker en help haar daarmee – sonder om haar te kritiseer.
9. *Troos haar en beur haar op wanneer sy "af" voel.*
10. Beskerm haar teen alle moontlike mense en dinge.
11. *Omarm haar in plaas daarvan om vir haar lesings te gee.*
12. Gee vir haar die vryheid om jou te leer sonder dat jy verdedigend raak.
13. *Komplimenteer haar daagliks.*
14. Sorg dat dit nooit nodig word dat sy geld van jou **moet vra** nie.
15. *Vergewe haar daadwerklik wanneer sy jou seergemaak of terleurgestel of gefouteer het.*
16. Moenie skaam wees om vir haar duidelik te wys dat jy haar nodig het nie.
17. *Aanvaar haar soos sy is en laat haar dikwels spesiaal voel.*
18. Erken jou eie gebreke en foute en moenie bang wees om nederig te wees nie.
19. *Laat haar toe om foute te maak, sonder om haar ooit weer daaroor te verwyt.*
20. Vryf en masseer haar voete en nek en rug na 'n vermoeiende dag.
21. *Moenie skaam voel om soms baie romanties met haar te wees nie.*
22. Skryf soms vir haar 'n briefie of nota of gedig, sommer net om vir haar dankie te sê en van jou liefde te verseker.
23. *Verras haar soms heerlik – met iets of op 'n manier wat selfs teen jou gewoonte of natuur is.*
24. *L*aat haar soms spesiaal weet hoe trots jy op haar is.
25. *Respekteer haar ouers en familie en maak hulle lief vir jou - omdat jy lief is vir haar.*
26. Moenie van haar verwag om dinge te doen waartoe sy nie emosioneel en fisiek in staat is nie.
27. *Laat geen dag verbygaan waarin jy nie vir haar bid nie – nie dat God haar moet verander nie, maar om haar die krag te gee om dit met jou uit te hou.*
28. "Skinder" goeie dinge van haar by julle kinders, jou en haar familie en julle vriende.
29. *Leer aan om jou gevoelens met haar te deel – al is dit ook teen jou gewoonte*.
30. Vertel vir haar van jou werk en wen haar entoesiasme daarvoor.
31. *Vind uit waarvan sy hou en wat sy geniet en wat haar ideale is, en kom haar daarin tegemoet, gun haar haar plesier.*
32. Leer om self te geniet wat sy geniet.
33. *Help met die kinders terwyl sy kos maak, en leer hulle om haar te waardeer en hoog te ag.*
34. Laat haar soms heerlik gaan bad terwyl jy die skottelgoed was.
35. *Moenie verwag dat dit in die koerant moet staan wanneer jy in die huis of met die kinders gehelp het nie.*
36. Behandel haar asof die Here self op haar voorhoof geskryf het: *"Breekbaar"* en *"Handle with care".*
37. *Oorwin jou gewoontes – veral dié wat haar irriteer.*
38. Moet nooit iets sonder haar beplan nie.
39. *Verras haar met klein dingetjies: 'n onverwagte drukkie of soentjie of ontbyt in die bed.*
40. Behandel haar as jou intellektuele gelyke.
41. *Vertel ook vir haar die nuwe grap of storie en laat haar bewus wees daarvan dat jy luister wanneer sy hare vir jou vertel.*
42. Ontdek haar vrese en probeer haar help om dit te oorwin.
43. *Wees manierlik teenoor haar – soos jy sou wees met die belangrikste vrou by jou werk.*
44. Hou haar hand in die openbaar vas en veral by jou ouers en familie.

45. *Maak seker dat jy verjaarsdae en herdenkingsdae aanteken sodat jy dit kan onthou en haar daarin ken en eer.*
46. Gee vir haar af en toe – maar gereeld – sommer 'n spesiale geskenk, iets waarvan jy seker is dat sy sal hou.
47. *Wees spesiaal simpatiek teenoor haar wanneer sy siek is.*
48. Bel haar sommer twee keer wanneer jy gaan laat wees en moet nooit jou beloftes aan haar verbreek nie.
49. *Lees die boek wat sy graag wil hê jy moet lees.*
50. Wys vir haar hoe die Here jou ten goede verander het – ook as gevolg van haar goeie invloed.



**Vir die vrou:**

*Ek gaan nie alles herhaal nie. Want as jy nou alles met instemming gelees het wat hy vir jou moet doen, dan beteken Christenwees dat jy die hele lys net moet omkeer, en dit verander in die uitdaging hoe jy hóm gelukkig te maak én vir hom te wys dat jy hom lief het.*

***Ek beklemtoon net twaalf spesiale dinge:***

1. Vra spesiaal sy advies en sy opinie in verband met besluite wat jy moet neem.
2. Probeer gedurig onthou waaroor hy gedroom en wat hy geïdealiseer het en kyk wat jy kan doen om sommige daarvan te vervul.
3. Praat soms weer simpatiek oor die pyn en leed wat hy in die verlede gely het.
4. Wanneer julle saam met ander is, verwys onbeskroomd na jou man se goeie kwaliteite.
5. Oorwin jou weerstand teenoor sy werk – en ander belangstellings – en wees geïnteresseerd daarin.
6. Moenie dat daar twee dae verbygaan waarin jy nie jou waardering uitgespreek het vir iets wat hy gesê of gedoen het nie.
7. Dink pertinent daaraan hoeveel lekkerder dit is om saam met iemand te wees wat jou spesiaal laat voel, as saam met iemand wat nie van jou hou nie.
8. Maak elke keer 'n spesiale okkasie daarvan wanneer hy by die huis kom.
9. Kyk hom entoesiasties en met 'n glimlag vol in die oog wanneer hy jou iets vertel.
10. Vra dikwels vir hom om verskoning.
11. Vra jou af wat jy kan doen sodat jou man meer entoesiasties oor jou kan word.
12. Bid vir hom en tel hom met jou liefdehande op tot by die Here.

Johannes 13:17: Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen".

**Uit: *God se geheim vir jou huwelik* deur *Murray Janson***

# FONDSEBEDIENING se  Padkafee

Die Fondsebediening beplan ***'n nuwe projek***. Daar word beoog om met 'n padkafee te begin. Die verkope sal op 'n bestellingsbasis vanuit die kerk se kombuis plaasvind.

Saam met die *wegneem/aansit etes*, sal daar ook elke maand produkte soos *wors, hout, charcoal, groentepakke, "spare-ribs", koeke,* ens. te koop aangebied word. Hierdie produkte sal teen kosprys beskikbaar wees. Die padkafee sal **D.V. Vrydag,**

**28 November 2003** met aktiwiteite begin. Hou asb. Sondae se afkondigings dop vir verdere inligting.

***KOM ONDERSTEUN ONS ASSEBLIEF WANT DIE GELD WAT U SPANDEER IS VIR DIE HERE SE WERK***

## *DIENS VAN BARMHARTIGHEID*




Siekesorg funksioneer baie goed by Moot Algemene Hospitaal, maar daar is 'n groot te kort aan persone om mense tuis te besoek. Indien u belangstel om te help skakel Pierre Malan, die Siekesorg Koördineerder (331 3119). As hy nie beskikbaar is nie, kan u 331 3953 skakel.

### Kinderhuis

By die Kinderhuis is daar 'n behoefte aan bedkassies vir die kinders. Op die oomblik moet hulle goed soos wekkers, Bybels en wat mens ookal 'n bedkassie voor benodig, op die vloer staan. Omdat die ruimte baie beperk is, kan standaard grootte kassies nie aangekoop word nie en moet dit volgens maat gemaak word. Enige hulp sal waardeer word. ***U is welkom om Ena le Grange (331 3953) te skakel***.

## EREDIENS

*bediening van die doop*




Met die laaste bediening van die doop het ons weer opnuut onder die indruk gekom van die erns van die doopbelofte en die verantwoordelikheid wat dit vir ons as *gelowige ouers meebring*.



In 'n gebroke wêreld met sy toenemende maatskaplike verval is daar ook groeiende druk op ons as ouers en ons kinders om die eise van die tyd die hoof te bied. Laat ons dus met Christus aan ons sy elke dag ons taak as ouers met geloof, vreugde en liefde aandurf om ons kinders te lei tot volwaardige en praktiese Christene. Die Here seën u. - *Winnie Lourens*


## KATEGESE-AFSLUITING : 16 November 2003




Net na die oggend se ***Gesamentlike Kinderdiens*** (dit skuif terug vanaf 30 November) vind ons ***Kategese-afsluiting*** in die saal plaas vir die Junior en Senior Kategese, terwyl die ouers tee of koffie drink (die ***gemeente-tee*** skuif saam met ***nageregverkope*** vanaf 2 November na 16 November)

***LW*** Al die voorskoolse en laerskool kinders moet hul Gesamentlike Kinderdienskaartjies saambring vir hul laaste plakkertjies vir hul/hul ouer/s se bywoning van die diens. By die Kategese-afsluitingsfunksie moet die kaarte by ds. Leon Tait ingehandig word vir geskenkies aan diegene wat meeste van vanjaar se Gesamentlike Kinderdienste bygewoon het.

## Hoe om 'n *trauma* te hanteer?



Dr Pixie du Toit vertel hoe!!

Woensdag, 29 Oktober om 19:00

NG Kerk Rietfontein-Suid

*R10 per persoon*

Bespreek asb. voor 24 Oktober by Pieter en Hannetjie

331 4238 en 083 2739 562

**MOENIE DIT MISLOOP NIE, WANT DIT RAAK *JOU*!!!**




## TERUGVOERING AANGAANDE ONS SENDELINGE

***LAUDIUM***

Dit gaan goed met die werksaamhede in **Laudium**. Daar word weekliks mense na die Here gelei, waarvoor ons die Here nie genoeg kan LOOf en dank nie. Alle EER kom Hom toe.

Bid asseblief vir die beskerming van AL die werkers in Laudium. Die aanslag van die Moslems neem toe. Hulle raak bekommerd oor ons optrede. Waar hulle in die verlede nie veel aandag aan hulle mense gegee het nie doen hulle nou huisbesoek en ook sendingwerk. `n Swart Pastoor is by Charisma werksaam, deur sy bediening onder die swartmense begin hy met `n swart gemeente met dienste op `n Sondag na die gewone diens. `n Donasie van R1 000.00 is bekom en kon ons vir hom Bybels, in vyf swart tale, aankoop.

*Corne du Plooy (Franse Sending)*

Sondag 7 September was die jaarlikse erediens by die Hugenote Museum (90km noord van Montpellier). Ons gemeente begin die akademiese jaar 28 September met 'n ete en 4 persone wat gedoop gaan word. *Bid asseblief vir die geestelike groei, verdieping en visie van die gemeente. U moet asseblief bly bid vir die Franse!*

**GURUé NUUS - DIE WELMANS (Mosambiek)**

Gedurende die naweek van 5 – 7 September 2003 het die Welmans saam met 'n aantal van hulle ondersteuningsgemeentes 'n konferensie by 'n kampterrein tussen Klerksdorp en Potchefstroom gehou.

Die Welmans se tuisgemeente, Klerksdorp-Suid het hard gewerk om alles vir al die besoekers so aangenaam moontlik te maak. Daar is baie gepraat, geredineer en soms so ligweg geargumenteer. Daar is op 'n nuwe werkswyse besluit, wat oor die volgende paar maande in werking gestel sal word, en waaroor daar D.V. in Februarie 2004 verslag gedoen sal word.

**ALTA GLAS (Kambodja)**

Alta skryf dat daar `n paar veranderinge met hul werksaamhede plaasvind wat dan ook meebring dat sy en haar span werkers meer tyd vir die verkondiging van die Evangelie sal hê. Meer tyd vir huisbesoek en selgroep byeenkomste. Hulle het met `n HIV-projek begin. Hulle beplan om met mobiele klinieke te begin. Haar volgende besoek in SA is in April/Mei 2004.

FRANCOIS JANJETICH (Jeug met 'n Sending)

Soos ons reeds in die vorige nuusbrief genoem het is Francois van 5 September 2003 tot 25 Januarie 2004 besig met `n kursus. Hy is gereeld per "SMS" met ons in verbinding. Hy was met die reëlings van die kursus gemoeid, moes selfs beddens en tafels maak vir die kursusgangers. Tot dusver verloop die kursus vlot, daar is 14 studente ingeskryf.

*HAROLD WEEPENER (Limpoposending)*

Ds. Harold meld in sy verslag dat die wind die nuwe klaskamers platgevee het en dat daar tans van tente gebruik gemaak word. Die leier van hul evangelisasiespan het met pensioen afgetree en dit laat `n groot leemte. Die Evangeliste het Me. Bettie Matlou geïndentifiseer wat as leke-werker gebruik kan word. Ds. Koos

Beukes het hiervan te hore gekom en drie jong manne gestuur om ook opgelei te word as Evangeliste.